higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

10 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 kliënte
1.1.2 bedien
(2 × 1) (2)

1.2 1.2.1 reaktief
1.2.2 voorkoming
1.2.3 beheer
(3 × 1) (3)
[5]

VRAAG 2

Nota aan Assessor: Lees die antwoord saam met die vraestel. Enige toepaslike motivering wat die onwaar stellings verkeerd bewys, is aanvaarbaar.

2.1 Waar (1)

2.2 Waar (1)

2.3 Onwaar
- Enigiemand kan ‘n klagte by die Openbare Beskermer indien. (2)

2.4 Onwaar
- Dit is ‘n hooffokus van Interpol. (2)

2.5 Onwaar
- Deportasie beteken om iemand uit jou land te verban en hulle te dwing om jou land te verlaat. (2)

2.6 Waar (1)

2.7 Waar (1)

2.8 Onwaar
- GPF’s beskik nie oor enige polisiërings- of afdwingingsmagte nie. (2)

2.9 Onwaar
- Die OPOD werk onafhanklik van die SAPD. (2)

2.10 Waar (1)
[15]

VRAAG 3

3.1 D
3.2 J
3.3 B
3.4 I
3.5 F
3.6 C
3.7 G
3.8 A
3.9 E
3.10 H

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Ernstige georganiseerde misdaad
- Ernstige handelsmisdaad
- Ernstige korrupsie (3)

4.2
- Bestuur verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame ingevolge nasionale wetgewing.
- Verseker dat verkiesings vry en regverdig is.
- Maak die uitslae van daardie verkiesings bekend binne ‘n tydperk wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf moet word, en so kort as redelik moontlik moet wees. (3)

4.3 **Enige EEN van die volgende:**
- Binnelandse tak van die SSA
- Buitelandse tak van die SSA
- Verdedigingsintelligensie van die SA Weermag
- Misdaadintelligensie van die SAPD (1)

4.4
- Die Wetgewende Gesag
- Die Uitvoerende Gesag
- Die Regsprekende Gesag (3)

[10]

VRAAG 5

5.1 **Enige TWEE van die volgende:**
- Verskaf grensbeheerbestuur, gemeenskapsbeskerming en bedryfsbeskerming
- Administreer handelsbeleidsmaatreëls en bedryfskemas
- Vorder inkomste in (2)

5.2 **Enige VIER van die volgende:**
- Sekshandel
- Dwangarbeid
- Gebonde arbeid/skuldknegskap
- Huishoudelike slawerny
- Kindersoldate (4)

5.3 **Enige VIER van die volgende:**
- Vestig en handhaaf 'n vennootskap tussen die gemeenskap en die SAPD
- Bevorder kommunikasie tussen die SAPD en die gemeenskap
- Bevorder samewerking om in die gemeenskap se behoeftes met betrekking tot polisiëring te voorsien
- Verbeter die lewering van polisiedienste aan die gemeenskap op nasionale, provinsiale, area- en plaaslike vlak
- Verbeter deursigtigheid in die SAPD en aanspreeklikheid teenoor die gemeenskap
- Bevorder gesamentlike probleemoplossing en -identifikasie (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Ja (1)

6.2 Die Departement van Omgewingsake, Bosbou en Visserye (1)

6.3 Om Suid-Afrika se omgewings- en natuurlike hulpbronne te bestuur, beskerm en bewaar (2)

6.4 **Enige DRIE van die volgende:**
- Die Justisie-, Misdaadvoorkoming- en Sekuriteit- (JCPS) klusterdepartemente
- Agentskappe soos die Departement van Verdediging, Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, Korrektiewe Dienste, Staatsekuriteit, die Direktoraar vir Prioriteitsmisdaadondersoek (Valke) en die SAPD
- SANParke SAID, die BBE (AFU), die NVG en alle provinsiale bewaringsowerhede (3)

6.5 **Enige VIER van die volgende:**
- Rivierkonyn
- Pickergill se rietpadda
- Kransaasvoël
- African wild dog
- Cheetah
- Afrika pikkewyn
- Blou kraanvoël
- Knysna seeperdjie (4)

6.6 Om integriteitspatrollies te doen om die parke se fauna en flora te monitor en waar te neem. (1)

6.7
- Spesialis-spoorsnyers
- Vlieëniers
- Hondehanteerders (3)

[15]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Om 'n regverdige, vreedsame samelewing te handhaaf en beskerm deur:
- vonnisse van die hof af te dwing op die manier wat deur die Wet voorgeskryf word;
- aanhouding van alle gevangenes in veilige bewaring terwyl hul menswaardigheid verseker word; en
- bevordering van die maatskaplike verantwoordelikheid en menslike ontwikkeling van alle gevonnisde oortreders. (3)

7.1.2 **Nota aan Assessor: Maak voorsiening vir studente se eie interpretasies en praktiese voorbeelde**

- Die DCS moet die polisie laat weet wanneer misdadigers vrygelaat word, sodat hulle maatreëls kan implementeer om te voorkom dat hulle weer misdade pleeg.
- As die polisie weet waar misdadigers vrygelaat word, kan hulle ekstra waarneming doen, ens. (1)

7.2 7.2.1 Interpol (1)

7.2.2 Om data oor misdaad en misdadigers te deel en toegang daartoe te verkry, en dit bied 'n verskeidenheid van tegniese en operasionele ondersteuning. (1)

7.2.3
- Anti-terreur
- Georganiseerde en Ontluikende Misdaad Kubermisdaad (3)

7.3 7.3.1 **EEN punt vir identifisering en EEN punt vir motivering:**

- Die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (OPOD).
- Hulle ondersoek sterftes as gevolg van polisie-optrede. (2)

7.3.2 Die Wet op die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (Wet 1 van 2011) (1)

7.3.3 **Enige DRIE van die volgende:**

- Klagtes oor voorvalle wat plaasgevind het voor die oprigting van die ICD** in April 1997 en voorvalle wat plaasgevind het meer as ‘n jaar voordat dit aan die OPOD gerapporteer is, tensy daar uitsonderlike omstandighede was.
- Klagtes teen personeel van Korrektiewe Dienste, hofbeampte, en lede van die SANDF.
- Kwessies wat deur die howe hanteer is of nog deur hulle hanteer word.
- Kwessies wat nie van ‘n misdadige aard is nie, byvoorbeeld egskeiding, terugkryging van geld of onregmatige inhegtenisname/arrestasie.
- Die OPOD sal nie meer in die toekoms sake hanteer wat betrekking het op nienakoming van die Wet op Gesinsgeweld deur SAPD-lede nie. Klagtes aangaande nienakoming van hierdie Wet sal deur die Burgerlike Sekretariaat vir die Polisiediens hanteer word.
- OPOD sal nie ondersoek instel na diensleweringsklagtes teen die SAPD of MPS-lede in gevalle soos versuim om te ondersoek, versuim om bystand te bied, versuim om terugvoering te gee, onbeskoftheid en polisiewangedrag nie. Hierdie kwessies sal voortaan deur die Polisie-inspektoraat in die kantore van die SAPD provinsiale kommissarisse hanteer word. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

Nota aan Assessor: Lees die antwoord saam met die vraestel. Ken hoogstens VYF punte toe per opskrif. Maak voorsiening vir die student se eie interpretasie en kreatiwiteit in die beantwoording van die vraag.

<u>Funksies en bevoegdhede van die Openbare Beskermer</u>

Die funksies van die Openbare Beskermer is om grondwetlike demokrasie te versterk en ondersteun deur regsmiddels vir beweerde of vermoedelike onbehoorlike optrede in staatsake te ondersoek, daaroor verslag te doen en dit te implementeer.

Die funksies van die Openbare Beskerming sluit die volgende in:

- Die Openbare Beskermer het die bevoegdheid, ingevolge nasionale wetgewing
  - Om ondersoek in te stel na enige uitvoering van staatsake, of in die openbare administrasie in enige regeringsfeer, wat na bewering of vermoedelik onbehoorlik of vermoed word onbehoorlik te wees of wat tot enige onbehoorlikheid of vooroordeel lei.
  - Om oor daardie kontak verslag te doen; en
  - Om toepaslike regstellende stappe te doen.
- Die Openbare Beskermer het die bykomende magte en funksies wat ingevolge nasionale wetgewing verleen word.
- Dit mag nie hofbeslissings ondersoek nie.
- Dit moet toeganklik vir alle persone en gemeenskappe wees.
- Enige verslag wat deur die Openbare Beskermer vrygestel word, moet vir die publiek toeganklik wees tensy uitsonderlike omstandighede, wat ingevolge nasionale wetgewing bepaal word, vereis dat die verslag vertroulik gehou word.

<u>Jurisdiksie van die Openbare Beskermer (insluitend dit waaroor hule nie jurisdiksie het nie)</u>

Die Openbare Beskermer het jurisdiksie oor alle staatsorgane, enige instelling waarin die Staat die meerderheids- of beherende aandeelhouer is, en enige openbare entiteit soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur:

- Regering op enige vlak – insluitend sentrale en provinsiale regering, staatsdepartemente en plaaslike owerhede.
- Enige persoon wat ‘n openbare funksie verrig. Dit sluit in enigiemand wat enige ampsplig verrig wat Suid-Afrikaners beïnvloed, byvoorbeeld ‘n staatswerknemer soos ‘n polisiebeampte of ‘n verkiesingsbeampte.
- Korporasies of maatskappye waarby die staat betrokke is, soos Eskom en Telkom.
- Statutêre rade soos die RGN en WNNR.

Kwessies wat buite sy jurisdiksie val, sluit in:
- Privaat persone, privaat maatskappye.
- Hofbeslissings.
- Die Openbare Beskermer tree nie op as regsverteenwoordiger nie.

Kopiereg voorbehou

Ondersoekmagte van die Openbare Beskermer

Die Openbare Beskermer is bevoeg om, op eie inisiatief of by ontvangs van ‘n klagte, ondersoek in te stel na enige beweerde:

- wanadministrasie in verband met regeringsaangeleenthede op enige vlak;
- misbruik of ongeregverdigde uitoefening van mag of onbillike, wispelturige, onbeleefde of ander onbehoorlike optrede of onverskoonbare vertraging deur ’n persoon wat.’n openbare werksaamheid verrig;;
- onbehoorlike of oneerlike handeling, of late of korrupsie, ten opsigte van openbare fondse waarna hier bo of in Artikels 17, 20 of 21 van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede verwys word, ten aansien van openbare geld;
- onbehoorlike of onregmatige verryking, of ontvangs van enige onbehoorlike voordeel, of belofte van sodanige verryking of voordeel, deur ’n persoon as gevolg van ’n handeling of late in die staatsadministrasie of in verband met regeringsaangeleenthede op enige vlak, of van ’n persoon wat ’n openbare werksaamheid verrig; en
- handeling of late deur ’n persoon in diens van die regering op enige vlak, of ’n persoon wat ’n openbare werksaamheid verrig wat onregmatige of onbehoorlike benadeling vir enige ander persoon tot gevolg het.

Die rol van die Openbare Beskermer in die dag-tot-dag-aktiwiteite van wetstoepassingsagentskappe

Die Openbare Beskermer, soos deur nasionale wetgewing gereguleer -

- om ondersoek in te stel na enige optrede in staatsake, of in die openbare administrasie in enige regeringsfeer, wat, na beweer of vermoed word, onbehoorlik. is of wat. onbehoorlikheid of benadeling tot gevolg gehad het.
- In soverre polisiëring en wetstoepassing ter sprake is, is die Openbare Beskermer verantwoordelik om ondersoek in te stel na beweerde of vermoedelike onbehoorlike administrasie wat as gevolg van sodanige onbehoorlikheid plaasgevind het.
- Dit kan insluit wanadministrasie aan die kant van polisiebestuurders met betrekking tot aanstellings en bevordering van SAPD-lede.
- Die Openbare Beskermer moet aan hoër gesag verslag doen in die betrokke uitvoering en moet gepaste regstellende stappe doen om die probleem op te los. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou